

Sing vooraf staande: Psalm 25:3, 5 (p. 116)

- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;
milde hande, vriendlike oë / is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!
- 5 Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, / en sy weg altyd getrou
vir wie wandel in sy waarheid / en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam ter eer, / al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER, / swaar en menigmaal misdrewe!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:1, 2 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Geloofsbelydenis: Nicea

Ons antwoord op die Wet van die Here met Psalm 40:4 (p. 205)

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Skriflesing: Filémon 1

Teks: Filémon 1:20

Ja broeder, mag ek tog van jou voordeel trek in die Here! Verkwik my hart in die Here. (Filémon 1:20 AFR53)

Hierdie brief maak die volgende twee punte:

- Dat jou liefde so groot moet wees dat jy iemand wat jou skade aangedoen het dit kan vergewe, en
- dat jy daardie persoon voluit as jou medegelowige in die Here moet ontvang en behandel.

Jy kan dus nie waarlik gelowige wees as jy nie die liefde wat die Here vir jou het, ook aan die mense rondom jou gee nie.

Die volgende drie sake verhelder die inhoud van die brief:

- 1. Die voorafgaande gebeure**
- 2. God se aanspraak op Filémon**
- 3. God se aanspraak op ons in Christus**

1. Die voorafgaande gebeure

Iewers het Paulus 'n heiden met die naam Filémon raakgeloop. Moontlik was die man 'n handelaar; ons is nie seker nie, maar hy was baie ryk.

- Hierdie Filémon het in Kolosse gebly, en na sy bekering het hy deel geword van die Christelike gemeenskap in Kolosse.
- Hy het ook baie moeite gedoen vir die gemeente daar, want die gemeente van Kolosse het altyd in sy huis bymekaargekom en ook daar saam eredienste gehou.

Filémon het 'n slaaf gehad, en die man se naam was Onésimus.

- Die indrukke wat ons van Onésimus het, is dat hy aan die begin maar 'n taamlieke deugniet was.
- Hy het weggeloop van Filémon af, moontlik nadat hy Filémon ook skade aangedoen het.
- Ons lei uit die brief af dat hy Filémon moontlik geld geskuld het.

Vir 'n slaaf wat in daardie tyd weggeloop het, het daar net een ding gewag: moeilikheid.

- Gewoonlik het die weggeloopte slaaf se baas die saak by die owerhede van die tyd aangegee.
- As die slaaf dan gevind is, is hy baie wreed mishandel en na sy baas toe teruggeneem.
- Dikwels is sulke slawe doodgemaak wanneer hulle gekry is. Dieselfde reëls het vir Onésimus gegeld.

Intussen is Paulus ook gevang en in die tronk gegooi. Dit is nie seker waar Paulus in die tronk gesit het nie. (Die teoloë spekuleer rondom drie moontlike plekke, naamlik Rome, Sesarea en Éfese. Ek self glo dat Sesarea die mees waarskynlike plek is, want daarvandaan kon Onésimus met die brief in sy hand teruggeloop het na Filémon toe.)

Op 'n manier het hierdie Onésimus by Paulus in die tronk uitgekóm. Ons weet nie hoe en wat presies gebeur het nie. Wat in die tronk gebeur het, weet ons, en dit is ook baie belangrik.

- Paulus het vir Onésimus van die evangelie van die Here Jesus Christus vertel, en dat die Here Jesus ook vir slawe gesterf het.
- Hy vertel hom ook dat sy baas ook 'n gelowige geword het, en dat die gemeente in sy huis vergader.

Hierdie dinge het by Onésimus 'n radikale verandering teweeggebring – so erg dat tot sy persoon verander het. Hy was meteens dienskneg tot eer van die Here: Daar in die tronk het hy Paulus toe ook versorg.

Paulus het besef dat hy nie die waarheid kan preek, maar met die leuen saamleef nie.

- Hy mag nie dat Onésimus by hom bly nie. As hy wil doen wat hy weet dat dit reg is, moet hy hierdie bekeerde slaaf na sy heer toe terugstuur.
- So kom dit dat Paulus Onésimus oortuig om na Filémon toe terug te gaan met Paulus se aanbevelingsbrief in die hand.

2. God se aanspraak op Filémon

As ons net na die geskiedenis sou kyk tot hier, is die saak eenvoudig, maar dan sou u almal met reg kon vra: Wat soek die brief aan Filémon dan in die Bybel? Dit is mos nie Godsopenbaring as 'n slaaf na sy baas toe teruggaan nie.

Maar dit is glad nie waaroor die brief gaan nie. Die brief gaan daarvoor dat 'n Christen (Filémon) gekonfronteer word met 'n baie moeilike saak.

- Die man sien meteens sy slaaf voor hom staan wat hom baie moeilikheid gegee het, en nou moet hy hierdie man al die dinge van die verlede vergewe asof daar niks gebeur het nie.

Broeders en susters, die Here vat mens hier diep.

- Nie een van ons vergewe iemand anders groot goeters sommer net so nie.
- Ons het altyd 'n klomp voorwaardes, en ons neem ons altyd voor dat ons die ander persoon nie weer sal vertrou nie.
- Die uiterste geval is dat jy mense kry wat iemand anders net nie sy sonde wil vergewe nie, en hom/haar dikwels ook nooit weer wil sien nie!

Dit is waaroor dit in hierdie brief gaan.

- Die Here openbaar aan Filémon dat sy slaaf tot bekering gekom het, en dat die man nou reg is.
- En dan eis die Here van hom dat hy hierdie slaaf in sy huis moet terugontvang,
- en ook dat hy met hom eenheid in die geloof moet beoefen soos wat hy met Paulus gedoen het.

Die slaaf het dus as gelowige aanspraak op dieselfde hoeveelheid en kwaliteit liefde as wat Paulus as apostel by Filémon gekry het. In die geloofslawe mag ons nie 'n onderskeid maak tussen beter en slegter, of ryker of armer of tussen mense van 'n hoër stand en mense van 'n laer stand nie. Dit staan ook in vers 17 geskryf:

As jy my dan vir 'n metgesel hou, neem hom dan aan net soos vir my.

Die woord wat ons hier in vers 17 vertaal met *metgesel* is dieselfde woord as wat in vers 6 vertaal is met *gemeenskap*. Daar staan dit so: ... **dat die gemeenskap van jou geloof kragtig mag word...**

Die bedoeling is dus baie duidelik:

- Filémon het 'n sekere verhouding waarin hy met God omgaan.
- Hy het met die apostel Paulus dieselfde verhouding.
- Nou doen God 'n beroep op hom dat hy dieselfde verhouding moet hê met Onésimus, sy slaaf wat gesteel het en toe weggeloop het.

Omdat die Here weet hoe swak ons is, en hoe maklik ons haat, en hoe moeilik ons vergewe, gee Hy vir Filémon die motivering van sy eis:

- Onésimus kom terug as jou slaaf.
- Maar hy is nou meer as 'n slaaf, want hy is nou ook nog 'n gelowige – hy is inderdaad 'n geliefde broeder.
(luister na die woordspeling: hy is 'n *geliefde broeder*, terwyl hy as 'n *slegte wegloopslaaf* gedros het)

Die geliefde broeder word nog verder gekwalifiseer ook: Nie net liggaamlik nie, maar ook in die Here, met ander woorde hy is nie net as mens 'n geliefde mens nie – ook as gelowige is hy iemand wat liefgehê moet word.

Kom ek stel vir u die opdrag van die Here skerper op ons eie manier van sê: Jy moet Onésimus dus ontvang as mens in hierdie lewe, en jy moet weet dat hy saam met jou by die Here sal wees.

Die kwessie van vergoeding of van wraak kom ook ter sprake.

- Paulus wil die fisiese hindernisse wat daar mag wees, uit die weg ruim.
- Daarom skryf hy dat hy enige gelde wat Onésimus mag skuld sal betaal.
- En dan meteens die geweldige erns van die saak: Onthou net, jy skuld jouself aan my.

Daarmee wil Paulus sê dat Filémon maar nie te hard op die aardse dinge moet druk nie, want dit gaan verby.

- Die ewige lewe is die saak wat tel, en Filémon sou nie daar uitgekóm het as Paulus die verlossing nie aan hom geleer het nie.
- Die feit dat hy nou die ewige lewe besit, het hy aan Paulus te danke wat aan hom die evangelie verkondig het wat hy deur die werking van die Heilige Gees in geloof aanvaar het – daarom moet hy maar liewer van die aardse dinge vergeet, en reg lewe met God.
- Dit is nie iets wat mens net bely nie: Filémon moet dit opreg vir die Here wys in die manier waarop hy Onésimus weer aanvaar en terugontvang.

3. God se aanspraak op ons in Christus

Die brief aan Filémon het 'n ondertoon van oordeel, naamlik as jy nie in jou mense-verhoudinge kan gee wat die Here vir jou gegee het nie, dan skort daar groot sake met jou geloof.

Daarom skryf Paulus dat hy voordeel van Filémon wil trek in die Here, en dat hy Paulus se hart moet verkwik.

- Hy wil sien dat hy Filémon nie tevergeefs tot bekering gelei het nie.
- Hy wil sien dat Filémon steeds in hierdie bekering voortleef. Dit sal hom groot vreugde gee.

Dit is waarop hy hom beroep. As Filémon nie die guns kan nakom deur Onésimus te ontvang nie, sal Paulus met hartseer besef dat Filémon se geloof net tot by sy mond kom, maar nie in sy werke voortleef nie. Dit beteken ongeloof, en in die eindoordeel – die hel.

U sal oplet dat die woorde *Christus Jesus* en *Jesus Christus* en *die Here Jesus* en *Here* tien keer in hierdie kort briefie voorkom. Daarmee onderstreep die Here die hele tyd vir Filémon dat almal se verlossing en werk – en ook vergewensgesindheid en liefde – gegrond is in Jesus Christus.

God het Jesus Christus aan 'n kruis laat sterf.

- Daarmee het Hy met sy liggaam en siel betaal sodat God ons ons foute en sondes kan vergewe en ons as kinders aanneem.
- Hy het dus die straf van God gedra vir alle fisiese en geestelike sake wat ons teen die Here misdryf het.

Die Here Jesus Christus is dus as liggaamlike en Sielsverlosser werklik in 'n posisie om alles van jou op te eis – jou liggaam en jou siel, want jy het al twee aan Hom te danke. Daarom eis Hy van ons om mekaar en ook ander mense te vergewe.

Die boodskap van die Here aan Filémon is ook aan ons adres gerig: Jy skuld jouself aan die Here Jesus. Sonder Hom het jy geen lewe nie, en geen voorregte nie. Sonder Hom het jy niks!

Maar nou is dit so dat Hy jou die ewige lewe gegee het.

- En nou beveel Hy jou: Vergewe ander mense hulle oortredinge teen jou.
- Moet ook nie skynheilig met hulle saamleef nie, en op die oppervlak maak asof alles reg is nie.
- **Kry jou hart reg.** Oefen met hulle gemeenskap soos wat die Here dit met jou doen – voluit, met aanspraak op al jou liefde en lojaliteit.

Ons sal sukkel. Ons sukkel almal om dit te doen. Maar in Jesus Christus kan en moet ons skuld vergewe, en moet ons nie net by vergifnis bly nie – ons moet die mense wat ons kwaad aangedoen het, voluit ontvang.

Broeders en susters, die Here roep ons elkeen op om aan hierdie saak van vergewing aandag te gee en om daarna met daardie mense in liefde saam te leef.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 86:3 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeek.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 2 Desember 2012